BURGER (Oos Kaap)
18 Apr 2011, p.11

Fiksie

DEEPER THAN COLOUR

James Clelland

JACO BARNARD-NAUDÉ

Hierdie boek is die wenner van die Europese Unie se Literêre-toekenning vir debuutfiksie in Suid-Afrika. Dit bied 'n ontstellende, brutaal eerlike perspektief op die kompleksiteite van Suid-Afrika ná apartheid.

Die hoofkarakter Angus Smith, word behandel vir post-traumatiese stres, ontketen deur ervarings gedurende sy militêre diens in die Angolese grensoorlog. Andersins is Angus 'n suksesvolle argitek, maar beslis nie gelukkig in sy werk nie.

Hy voel vasgevang in 'n liefdelose huwelik en in 'n origens banale voorstedelike bestaan midde-in die geharwar van 'n transformerende Johannesburg. Ongelukkigheid in die huwelik dryf hom in die arms van die ontvangsdame by die werk, ene Marcella. As deel van sy behandeling vra Angus se psigiater hom om aantekeninge te maak van sy gedagtes en sy daaglikse doen en late.

Angus ontwikkel 'n obsessie met hierdie aktiwiteit en besluit spoedig om sy lewe so volledig moontlik op film vas te lê. Hy doen dit deur gesofistikeerde kameras oral in sy leefruimtes te versteek – van die kombuis tot sy kantoor tot sy minnares se slaapkamer. Saans tuis in sy studeerkamer, met vroulief wat elders "werk", hersien Angus die dag se beeldmateriaal en kyk hy oor en oor na insetsels uit sy lewe. Die verhaal word aangebied uit meer perspektiewe as slegs dié van Angus. Die psigiatriese ruimte word vir hierdie doel min of meer met welslae aangewend, maar soms kry 'n mens die indruk dat die onderhoude geforseerd en onwaarskynlik is.

Angus se vrou, Di, vertel van sy selfsug en van wat sy beleef as sy impotensie. Marcella vertel hoe die aanvanklike opwinding van 'n buite-egtelike verhouding weldrae vir die verveling van roetine plek begin maak het. Dan is daar Angus se ma, 'n interessante karakter uit wie se onderhoude dit duidelik word dat Angus reeds op vroeë ouderdom aan trauma blootgestel is. Die psigiater se notas dra ook by tot die veelheid van beskouings oor die hoofkarakter.

Deeper than colour is by uitstek 'n verhaal van verwonding en van eensaamheid. Dit is ook 'n verhaal van geldlus en die oppervlakkigheid van 'n eindelose gejaag na materiële gewin. Dit illustreer wat kan gebeur wanneer mense alle deernis met mekaar verloor. In dié opsig is dit 'n verhaal van uiterse nihilisme.

Die verhaal is nie polities korrek nie – dit verwoord die ambivalente, komplekse emosies van 'n man wat glo dat sy lewe onomkeerbaar beïnvloed is deur sy deelname aan die oorlog in Angola.

Oor die traumatiese impak van hierdie oorlog bestaan nog gans te min letterkunde. Temas wat reeds in ons letterkunde bespreek word, soos versoening, regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging, kom op 'n vars, soms skokkende wyse aan bod deur Angus se beskrywings van Johannesburg ná apartheid. En net soos wat Angus 'n voyeur van sy eie lewe word, kry die leser 'n blik op Angus se stelselmatige sielkundige agteruitgang. Maar dan is daar die slot wat 'n mens laat wonder wie werklik geestesongesteld is.

■ JACANA MEDIA, JOHANNESBURG. (SAGTEBAND, 186 BLADSYE.)

■ **JACO BARNARD-NAUDÉ IS MEDE-PROFESSOR IN REGSFILOSOFIE AAN DIE UK.**